NG GEMEENTE DEALESVILLE
Vakature: Voltydse Leraar

Hierdie is ’n plattelandse gemeente in die Vrystaat met ongeveer 260 lidmate (belydend & doop).

Leraarprofiel: Ons wil graag hê dat die leraar wat na Dealesville beroep word, die volgende eienskappe sal openbaar:

1. ’n Lewende, persoonlike verhouding met God Drie-enig.
2. Mooi verhoudinge kan bou, alle mense met respek en liefde hanteer en die evangelie as boodskap met dade uitdra.
3. ’n Hart vir die aktiewe bediening op die platteland met groot klem op huisbesoek, met die doel om ’n verskil te maak in ons wyer gemeenskap.
4. ’n Teologie wat klem plaas op die suiwerheid van die leer soos verwoord in die Skrif en in die kerk se Belydenisskrifte.

Werksprofiel:

1. Geestelike leiding van die gemeente om die Here met oorgawe te aanbid.
2. Dinamiese en aktuele prediking met ’n klem op lof en aanbidding.
3. Betrokkenheid by jeug- en gesinsbediening, asook wyksbediening.
4. Pastorale ondersteuning aan die gemeente en gemeenskap.
5. Betrokkenheid by die gemeenskap en plaaslike Ouetehuis, Primêre Skool, Kleuterskool en die breë boeregemeenskap.

Vergoeding en voordele: Traktement volgens sinodale aanbeveling. ’n Ruim pastorie is beskikbaar met gratis water en elektrisiteit, asook ‘n telefoontoelaag en onbeperkte Wifi en internet vir amptelike gebruik.

Aansoeke: Aansoekers word versoek om die Kerkraad slegs van ’n elektroniese CV te voorsien met drie onlangse verwysings en dit na ngkerk@shisas.co.za te versend.

Sluitingsdatum: 31 Desember 2019

Diensaanvaarding: 1 April 2020

Vir enige navrae kontak: Konsulent, ds Hans Griesel (076 412 1381), Brugleraar, ds Sollie Pretorius (083 499 1103 / 051 811 0007), oudl Willie Haarhoff (082 464 2589), of die Kerkkantoor by 051 811 0019, Ma tot Vr 08:00 tot 12:00, e-pos ngkerk@shisas.co.za

Die Kerkraad behou die reg voor om nie ’n aanstelling uit die aansoeke te maak nie.